Dit gaan alles om *Jesus!*

—deur Peter Hammond

Christus is ons Paaslam (1 Kor 5:6-8), Sondoffer (Rom 8:3) en Versoening (Rom 3:25). Toe Christus, die perfekte Seun van God, 'n vlekkelose Lam sonder enige gebrek (1 Pet 1:19) Sy Bloed aan die Kruis laat vloei het, was dit 'n plaasvervangende dood.

Hy het vir ons gesterf, in ons plek (1 Pet 3:18), die onskuldige vir die skuldige, die regverdige in die plek van die onregverdige.

Hy is vir ons sonde deurboor

"Oor óns oortredings is Hy deurboor, oor óns sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur Sý wonde het daar vir ons genesing gekom...maar die Here het ons almal se sonde op Hom laat afkom...Hy is gestraf oor die sonde van my volk. Hy [gee] Sy lewe as skuldoffer...My Dienaar, die Regverdige, sal baie mense regverdig maak: Hy sal die straf vir hulle sonde dra." Jes 53"5-11.

Dit lei geen twyfel dat Jesus Christus die belangrikste persoon is wat ooit geleef het nie, omdat Hy die uiterste offer denkbaar gebring het om die grootste behoefte van die grootste aantal mense te vervul.

"God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die Ewige Lewe sal hê." Joh 3:16.

Hy is die Redder, die Ewige Koning en Regter. Hy is die Een wat lewe en vergifnis skenk. Ons het vergifnis en vryheid van sonde nodig. *"Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here!"* Rom 6:23.

Jesus se sterwe aan die Kruis het soveel betekenisvolle ewige gevolge teweeggebring. Hy het ons van die loon van die sonde bevry. Hy het ons gered van 'n ewigheid geskei van God. Hy het ons verskuif na die Hemelse Koninkryk waar ons ongeëwenaarde hoop en vreugde gaan ervaar.

Christus het aan die mensdom die offer van Redding, Vergifnis en Ewige Lewe geskenk

Die betekenis van Jesus se dood sluit onder meer in dat die vloek van die sonde op aarde gebreek is oor diegene wat in Christus glo en Hom volg. *" 'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."* Joh 10:10.

Jesus Christus gee ons geestelike lewe, ewige lewe en oorvloedige lewe. Ons het genade nodig – onverdiende guns – en dit is in Jesus Christus dat ons die barmhartigheid vind wat ons so dringend nodig het.

> ***"Maar as ons in die Lig lewe soos Hy in die Lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, Sy Seun, ons van elke sonde."*** **1 Joh 1:7**

"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie." Ef 2:8-9.

Omdat die bloed van 'n onskuldige moes vloei, was Christus die volmaakte en enigste soenoffer vir ons sondes. *"Hy is die versoening vir ons sondes"* 1 Pet 2:2. Omdat Sy Bloed vir ons gevloei het, is ons in staat om gemeenskap met die Vader en 'n ewige lewe in die Hemel te geniet. Daar is krag in die Bloed en gedurende hierdie Paastyd – wanneer ons Nagmaal gebruik en die versoenende werk van Jesus Christus op Golgota in herinnering roep, kan ons weet dat Sy Bloed al ons sondes oordek en ons witter as sneeu was.

Die lewe is in die bloed

Meer as 3 400 jaar gelede het God gesê: *"Omdat die lewe van 'n dier in sy bloed is, het Ek die bloed vir julle gegee om op die altaar versoening te doen vir julle lewens. Omdat die bloed versoening bring deur die lewe wat daarin is..."* Lev 17:11.

Niemand kon vroeër (in Bybelse tye) verstaan hoe diepgaande hierdie waarheid is nie. Die eerste verwysing na bloed in die Bybel vind ons in Genesis 4:10-11 *"...Wat het jy gedoen? Die bloed van jou broer roep van die aarde af na My. Vervloek is jy dan nou, verban van die grond af wat gretig die bloed van jou broer uit jou hand opgeslurp het."*

Die beskerming van God

Watter situasie ons ook al in die gesig moet staar, ons kan met sekerheid weet dat Christus se Bloed ons beskerming bied. *"Die bloed aan die huise waarin julle is, sal 'n teken wees: waar Ek die bloed sien, sal Ek die huis oorslaan, en die vernietigende slag waarmee Ek Egipte gaan tref, sal julle nie tref nie."* Eks 12:13.

Die Fontein van Redding

"Daardie dag sal daar 'n fontein oopgemaak word om die koningshuis van Dawid en die inwoners van Jerusalem te reinig van hulle sonde en hulle vuilheid." Sag 13:1.

Die Bloed van Jesus Christus is 'n sinoniem »

Dit gaan alles om *Jesus!*

vir die Evangelie. Dit is die Bloed van Christus wat ons vrymaak van alle sonde. *"Dit is My bloed, die bloed van die Nuwe Testament wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes."* Matt 26:28 (ou vertaling).

Verlos deur Sy Bloed

Die eerste begroeting wat Jesus ontvang het, was toe die krag van Sy Bloed deur Johannes die Doper besing is: *"Dáár is die Lam van God wat die sonde van die Wêreld wegneem."* Joh 1:29.

En die laaste begroeting wat Christus sal ontvang, sal die Lied van die Verlostes wees: *"U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met U bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie...Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang...tot in alle ewigheid."* Op 5:9-13.

Sonde is die verbreking van die Wet van God. 'n Wet wat verbreek is, vereis straf en die straf vir die sonde is die dood. Die ganse mensdom het die Wet van God verbreek en is onder die vonnis van die ewige dood. Jesus Christus het egter as plaasvervanger in ons plek gesterf. Hy was volkome gehoorsaam aan die Wet van God en het ten volle vir ons sonde boete gedoen.

"Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word." Rom 5:9.

Vrygemaak

Hoe groots en heilig die mens se siel is, word deur twee feite gestaaf: Die mens se siel is na die beeld van die Ewige God geskape. Tweedens, die prys wat betaal is vir die verlossing van die mens se siel, is die kosbare Bloed van Jesus Christus. *"Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is."* 1 Pet 1:18-19.

Versoen

Sonde het ons van God vervreem en van Hom geskei. *"Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en Sy oor is nie te doof om te hoor nie. Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie. Julle hande is met bloed bevlek, julle vingers met onreg. Julle praat net leuens, julle bedink net onreg."* Jes 59:1-3. Sonde skei ons van die teenwoordigheid van God. Die vraag is: Hoe kan die mens nou weer met God versoen raak? Deur die kosbare Bloed van Jesus! *"...en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van Sy Seun aan die Kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die Hemel met Homself versoen."* Kol 1:20.

"Maar as ons in die Lig lewe soos Hy in die Lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, Sy Seun, ons van elke sonde." 1 Joh 1:7.

"Deur die bloed van Sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God..." Ef 1:7.

Verander deur die Bloed

"Maar God bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van Sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van Sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van Sy Seun gered sal word. Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur Wie ons nou die versoening ontvang het." Rom 5:8-11.

> ***"Deur die bloed van Sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God..."***
> **Ef 1:7**

'n Visie van die Kruis

Charles Spurgeon het eens gesê: "Staan aan die voet van die Kruis en tel die purper druppels waardeur jy gereinig is. Kyk na die doringkroon, sien sy gegeselde skouers waaruit karmynrooi druppels nog steeds pers...[as jy nie jou lewe aan Christus wy] voor daardie Kruis nie, het jy dit nog nooit gesien nie." Het jy dit al gesien? Was jy al by Golgota? Christus het vir jou gesterf. Leef jy vir Hom? ■

DR. PETER HAMMOND *is die outeur van The Greatest Century of Reformation. Skakel 021 689 4480 of mission@frontline.org.za of besoek www.ReformationSA.org*